



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Met Watter Gees Is Jy Gedoop (Gevul)?

Dit is so maklik om te sê: *Ek is gevul (gedoop) met die Afgesonderde (Heilige) Gees* en dit te glo op grond van die feit dat jy wedergebore is en dat daar vir jou gebid was vir vulling met (doping in) die Afgesonderde Gees. Gelowiges sal ook baie maklik verklaar dat hulle deur die Afgesonderde Gees gelei word om sekere dinge te sê, of om te profeteer, of om sekere dinge te doen.

Die vraag is egter: Hoe seker kan jy en ek wees dat ons wel met die Afgesonderde Gees gevul is en alleenlik deur die Afgesonderde Gees gelei word, veral wanneer ons dinge doen en sê in die Naam van YHVH Yeshua? Wat is die maatstaf van vulling met YHVH se Gees? Is dit, soos baie glo en geleer is, om *in 'n vreemde taal* te praat, te bid en te aanbid? Is sekere manifestasies wat by Christenbyeenkomste plaasvind die werking van YHVH se Gees of 'n vreemde gees? Die antwoord op hierdie vrae sal waarskynlik 'n verrassing en ontnugtering vir baie wees!

Alvorens ons egter die antwoord op hierdie vrae bespreek, moet ons altyd onthou dat Satan nie omgee wat jy of ek glo nie, net so lank dit nie die waarheid is nie! Soos iemand by geleentheid gesê het: *Always remember that Satan likes a counterfeit that looks as close to the original as possible!* Hoe nader aan die waarheid die leuen is, hoe groter is die misleiding, want hoe moeiliker word dit om te onderskei tussen die leuen en die waarheid!! Onthou ook dat Satan net soveel leuens met die waarheid sal meng sodat dit steeds soos die waarheid sal lyk of klink!

Elkeen behoort ook te vra: Glo ek wat ek glo omrede dit die waarheid is, of het dit vir my die waarheid geword, omrede ek dit glo? Ons moet slegs dit glo wat die waarheid is! Maar vir talle mense het die leuen egter die waarheid geword, omrede hulle dit glo!! Daarom is my vraag: Is dit wat jy glo aangaande die vulling met (doping in) die Afgesonderde Gees die waarheid of het dit vir jou die waarheid geword omrede jy dit glo?

Die Taak van die Afgesonderde Gees

Met bogenoemde as agtergrond moet ons eerstens vra wat die heel belangrikste taak van die Afgesonderde Gees is? Die antwoord vind ons in die Skrifte van beide die ou- en die hernieuwe (nuwe) verbond.

In die Tanakh (ou verbond) lees ons wat YHVH deur die profeet Esegïel profeteer aangaande wedergeboorte en gehoorsaamheid:

dan sal Ek skoon water op julle sprinkel en julle sal skoon wees; Ek sal julle van al jul vuilheid en van al jul afgode reinig. Verder sal Ek vir julle 'n nuwe verstand, wil en emosie gee en 'n nuwe gees in jul binneste en Ek sal die verstand, wil en emosie van klip uit julle

vlees wegvat en vir julle 'n verstand, wil en emosie van vlees gee. Ek sal My Gees in julle sit en julle in My instellings laat loop en julle sal versigtig wees om My wette na te kom. Eseg. 36:25 tot 27 – PWL¹

In die hernieuwe verbond lees ons wat Yeshua ondermeer gesê het aangaande die taak van die Afgesonderde Gees:

Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is, maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:25 en 26 – PWL

Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie, maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar. Joh. 16:12 en 13 – PWL

Volgens bogenoemde Skrifverwysings is die taak van die Afgesonderde Gees die volgende:

- Om ons in YHVH se instellings (voorskrifte) te laat loop sodat ons versigtig sal wees om al YHVH se wette, naamlik Sy Torah, na te kom (Eseg. 36:25 tot 27).
- Om ons te bevry en lewe (wedergeboorte) te gee, want die Afgesonderde Gees is die Bevryder en Lewegewer (Joh. 14:25 en 26)
- Om ons alles te leer en om ons te herinner aan alles wat Yeshua vir ons gesê het, naamlik om ons te leer en te herinner aangaande die woorde van YHVH (Joh. 14:25 en 26).
- Om ons in die hele waarheid te lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy by die Vader hoor, sal Hy sê en die toekoms aan ons openbaar, want die Afgesonderde Gees is die Gees van Waarheid. (Joh. 16:12 en 13).

Laat ons dan, met bogenoemde in gedagte, die taak van die Afgesonderde Gees verder ondersoek.

Eerstens: Volgens Eseg. 36:25 tot 27 is die taak van die Afgesonderde Gees tweeledig. Eerstens 'werk' die Gees van buite na binne om elkeen van sonde te oortuig en om deur geloof (vertroue) in Yeshua as Messias tot wedergeboorte te lei (verse 25 en 26). Na wedergeboorte is die vulling (doping) met die Afgesonderde Gees ons Hulp en Krag om aan YHVH se Torah (die wet) gehoorsaam te wil wees en te kan wees (vers 27). Hierdie is volgens die belofte soos opgeteken is in Heb. 8:10, en verwysend na Jer. 31:33, naamlik: YHVH sal Sy Torah in ons verstand gee en dit op ons hart skryf. Dit is die Gees van YHVH, Sy Afgesonderde Gees, wat hierdie werk verrig! **Die Afgesonderde Gees skryf YHVH se Torah op die tafels van ons hart en gee dit in ons verstand om dit te verstaan, dit te wil doen en dit te kan doen!**

Tweedens: Volgens Joh. 14:25 en 26, asook volgens Joh. 16:12 en 13, **leer die Afgesonderde Gees ons al die Woorde van YHVH en herinner Hy ons voortdurend aan**

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

die Woord van YHVH. Die Gees van YHVH, Sy Afgesonderde Gees, spreek net soos Yeshua slegs die Woorde van YHVH en herinner ons voortdurend daaraan.

Maar nou is die vraag: Wat is die definisie en begrip van die Woord van YHVH? Verskeie Skrifverwysings gee ons die antwoord, soos byvoorbeeld:

- Die verbond by Sinai, **naamlik die verbond van die wet, was die Woorde van YHVH wat op kliptafels geskryf was:**

יהוה, ons God, het by Horev met ons 'n verbond gesluit. יהוה het nie hierdie verbond met ons vaders gesluit nie, maar met ons, met almal van ons wat vandag hier lewe. Deut. 5:2 en 3 – PWL.

Hierdie verbond, en daarom hierdie Woorde van YHVH, is ewig en sluit ons in, want ons lees in Deut. 29:14 en 15 (PWL) die volgende:

Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie, maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie.

Hierdie Woorde van die Torah was dus reeds by Sinai op ons van toepassing, want ons het as te ware saam met Israel daar gestaan! Hierdie woorde van Torah staan vir ewig vas, want YHVH is nie 'n mens wat sal lieg nie:

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie? Num. 23:19 – PWL.

- Hierdie verbond van die wet, en daarom dieselfde Woorde van YHVH, is volgens die belofte van die hernieuwe verbond op die tafels van ons hart geskryf:

Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek YHVH: Ek sal my wette (Torah, Woorde) in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Heb. 8:10 (Verwysend na die profesie in Jer. 31:33)

Dit is die Afgesonderde Gees wat hierdie woorde van Torah op ons hart skryf en in ons verstand gee!

- Moses het ook aan die volk gesê dat hy tussen YHVH en hulle gestaan het toe hy die woorde van YHVH, naamlik die Torah (die wet) ontvang het:

ek het in dié tyd tussen YHVH en julle gestaan om aan julle die woord van YHVH bekend te maak, want julle was bevrees vir die vuur en het nie op die berg geklim nie. Deut. 5:5.

- Verder het Moses ook vir die volk gesê dat elkeen wat moetswillig (wetend) YHVH se Torah oortree moet afgesny word uit Israel, want hy het die Woord van YHVH verwerp:

Jy sal een wet (Torah) hê vir die een wat onbepland sondig, vir die kind van die land onder die seuns van Yisra'el en die besoeker wat tussen hulle bly, maar die persoon wat iets wetend doen, van die kinders van die land of van die besoeker, hy bespot יהוה en dié

persoon moet afgesny word uit sy volk uit, want hy het die woord van יהוה verwerp en Sy opdrag verbreek. Dié persoon moet volkome afgesny word; sy skuld sal op hom wees.”

Num. 15:29 tot 31 – PWL.

- Die profeet Jesaja het ook aan die Torah-ongehoorsame Israel gesê om te luister na die Woord van YHVH – te luister na YHVH se Torah!

Hoor die woord van YHVH, owerstes van Sodom! Luister na die wet (die Torah) van onse God, volk van Gomorra! Jes. 1:10

- Jesaja het hierop uitgebrei deur aan Israel te sê dat hulle soos droë gras verbrand sal word omrede hulle die Torah van YHVH verwerp het en die Woord van die Afgesonderde van Israel verag het:

daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmeekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle bloeisel soos stof wegwaai omdat hulle die wet van יהוה-Tzva'ot verwerp het en die woord van die Afgesonderde van Yisra'el verag het. Jes. 5:24 – PWL.

- Jesaja profeteer ook dat in die einde van dae sal die Torah en die Woord van YHVH vanuit Jerusalem (Sion) uitgaan:

Dit sal gebeur dat in die laaste dae die berg van die huis van יהוה vasgestel sal word as die hoof van die berge en opgelig sal word bo die heuwels en al die nasies sal daarheen stroom. Baie volke sal kom en sê: “Kom, laat ons opgaan na die berg van יהוה, na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons kan leer aangaande Sy paaie en dat ons in Sy paaie kan loop,” want die wet sal uitgaan vanuit Tziyon en die woord van יהוה vanuit Yerushalayim. Jes. 2:2 en 3 – PWL.

- Die profeet Miga bevestig die woorde in Jes. 2:2 en 3, naamlik:

Baie nasies sal kom en sê: “Kom, laat ons opgaan na die berg van יהוה en na die huis van die God van Ya'akov sodat Hy ons aangaande Sy lewenswyses kan leer en ons in Sy paaie kan loop,” want vanuit Tziyon sal die Wet (die Torah) uitgaan, die Boodskap (Woord) van יהוה vanuit Yerushalayim. Miga 4:2 – PWL.

Volgens bogenoemde teksverse, asook vele ander, kan ons met absolute sekerheid sê dat YHVH se Torah en YHVH se Woord is dieselfde begrip met dieselfde betekenis – dit is 'n sinoniem!! Daarom: Torah is YHVH se Woord en die Woord is YHVH se Torah! Yeshua is YHVH se Woord, die Vleesgeworde Torah (Joh. 1:1 en 14 – PWL).

In begin het die Boodskap (Woord / Torah) reeds bestaan en daardie Boodskap (Woord / Torah) het saam met God bestaan en God self was daardie Boodskap (Woord / Torah).

En die Woord (Torah) het vlees geword en het onder ons gewoon.

Die Woorde wat YHVH van die begin af gespreek het, is Sy Torah, naamlik sy onderrig en instruksies. YHVH se Torah / Woorde is die hoogste gesag in die hemele en op die aarde. YHVH is die Wetgewer (Jak. 1:12) en Sy Woorde is die onveranderde wet (Torah), want by YHVH is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17).

YHVH is Torah en is die Woord en is Yeshua!! Die vier is onlosmaakbaar aan mekaar verbind tot 'n eenheid wat ewig vas bly staan! **Hierdie woorde van die Torah word deur die Afgesonderde Gees op die tafels van ons hart geskryf en in ons verstand gegee! Dit is die taak van die Afgesonderde Gees!**

Daarom kan ons byvoorbeeld 'n teksvers soos Joh. 14:23 ook soos volg lees en verstaan: *As iemand my liefhet, sal hy my woord, naamlik My Torah bewaar!* Hierdie teksvers vertaal met *My Woord* of met *My Torah* se betekenis bly presies dieselfde, want YHVH is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde.

So kan ons ook Joh. 14:24 soos volg lees en verstaan: *hy wat my nie liefhet nie, bewaar My Woorde, naamlik My Torah, nie!*

Dieselfde geld vir Joh. 12:47 en 48:

En as iemand na my woorde (my Torah) luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. Wie My verwerp en my woorde (my Torah) nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord (die Torah) wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Die gevolgtrekking uit al die Skrifverwysing wat genoem en bespreek is, is dat die Afgesonderde Gees en YHVH se Torah nie van mekaar geskei kan word nie. Dit is dieselfde begrip met dieselfde betekenis. Die bewys hiervoor vind ons in Handeling hoofstuk twee. Op die dag was die dissipels bymekaar om *Shavuot* (Pinkster), naamlik die gee van die Torah by Sinai, te gedenk toe hulle met die Afgesonderde Gees gevul is.

Soos Israel van ouds by die berg Sinai het die volgelinge van Yeshua die sigbare manifestasie van YHVH die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos 'n *geweldige rukwind en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het* (Hand. 2:2). Net soos Israel van ouds het die gelowiges in Yeshua ook die manifestasie van YHVH se Woorde van Sy Torah soos tonge van vuur gesien (Hand. 2:3)! Anders as met Israel by die berg het die vuur van YHVH nie die Woorde van Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua!! Dit was die vervulling van die profesie deur Jeremia:

Kyk, daar kom dae, spreek YHVH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek YHVH. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHVH: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken YHVH; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YHVH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. Jer. 31:31 tot 34

YHVH het hierdie keer nie **tot** Sy volk gespreek nie, maar het **in en deur** hulle gespreek. Hulle het begin spreek in ander tale, naamlik in die moedertaal van die verskillende mense wat teenwoordig was (Hand. 2:8 tot 12)².

² Die gebeure op Pinksterdag word meer volledig bespreek in die artikel *Die Torah en die Afgesonderde Gees* wat afgelaai kan word by <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/05/GB8.Mei12ShavuotTorahGees.pdf>

Opgesom:

- Wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as Versoeningsoffer vir sondes is die werk van die Afgesonderde Gees.
- Die woorde van die Torah word deur die Afgesonderde Gees op die tafels van ons hart geskryf en in ons verstand gegee!
- Die Afgesonderde Gees leer ons alles wat in Torah geskryf is.
- Die Afgesonderde Gees lei ons volgens YHVVH se onderrig en instruksies van Torah.
- Die Afgesonderde gees herinner ons aan al die woorde van Torah.
- Die Afgesonderde Gees is ons Hulp en Krag om Torah-gehoorsaam te wil en te kan wees.

Die Afgesonderde Gees is die Gees van YHVVH en is die Gees van Waarheid en is dus die Gees van Torah en is die Gees van die Woord en is die Gees van Yeshua!

Die Maatstaf vir Vulling met die Afgesonderde Gees.

Die maatstaf (meetsnoer, standaard, vereiste) vir vulling met die Afgesonderde Gees is, is **nie** die spreek in 'n 'vreemde taal' **nie**, maar wel of YHVVH se Woorde van Sy Torah (die wet) op die tafels van jou hart geskryf is en in jou verstand gegee is!! Anders gestel: Jy is met die Afgesonderde Gees gevul indien dit jou begeerte en strewe is om aan YHVVH se Torah gehoorsaam te wees nadat jy die versoeningsoffer van Yeshua tot vergifnis van sonde deur vertroue aanvaar het!! Die spreek in 'n vreemde taal kan wel die gevolg hiervan wees soos wat ondermeer in Hand. 2:6 tot 12³ en Hand. 10:45 en 46 geskryf is. Maar onthou egter Paulus se woorde in 1 Kor. 12:30, naamlik:*praat almal van hulle in tale? Vertaal almal van hulle?* Hierdie is die bewys dat vulling met die Afgesonderde Gees nie die spreek in nuwe tale is nie, want volgens Paulus het almal in die gemeente dit nie gedoen nie!

Maar: Indien jy egter bely dat jy vry van YHVVH se Torah (die wet) is, dan is die Woorde van Torah **nie** op die tafels van jou hart deur die Afgesonderde Gees geskryf **nie!! Dan is jy nie met die Afgesonderde Gees van YHVVH gevul (gedoop) nie, want:**

- Hoe kan iemand sê dat hy met die Afgesonderde Gees gevul (gedoop) is, maar hy weier om die shabbatsgebod te eerbiedig? Dit is nie die Gees van Torah nie!
- Hoe kan iemand sê dat hy met die Afgesonderde Gees gevul is, maar hy weier om YHVVH se voedselvoorskrifte te volg? Dit is nie die Gees van YHVVH nie!

³ Die menigte, bestaande uit Parthiane, Mede, 'Eilamiete (Perse), die inwoners van 'Aram Naharayim, Y'hudah, Kappadokia en van die streke van Pontos en Asië, van die streke van Frugia, Pamfulia, Mitzrayim en van die streke van Libue wat naby Kurene is en hulle wat gekom het van Rome, Jode sowel as proseliete, vanaf Krete en Arabiere was verbaas, want hulle het gehoor hoe die Galileërs **in hul moedertaal praat** oor die groot daad van God (Hand. 2:11). Hierdie feit, naamlik dat die volgelingen van Yeshua in 'n taal wat nie eie is aan hulle moedertaal gespreek het, word grootliks deur die Pinkster (Charismatiese) denominasies buite rekening gelaat. Die spreek in nuwe tale was wel die sigbare manifestasie in die lewens (van sommige?) van diegene wat Torah-gehoorsaam was. Dit was (is) ook volgens die belofte soos in Mark. 16:17 opgeteken is. Die voorvereiste om met die Gees van YHVVH gevul te word is dus vertroue in Yeshua Messias as die versoeningsoffer tot sondevrgifnis wat deur Torah-gehoorsaamheid opgevolg word. Satan kan wel die spreek in tale naboots, maar nie vertroue in Yeshua wat gehoorsaamheid aan YHVVH se Torah tot gevolg het nie! Die doel van hierdie skrywe is egter nie om die spreek in nuwe (vreemde) tale te bespreek nie.

- Hoe kan iemand sê dat hy met die Afgesonderde Gees gevul is, maar hy weier om YHVH se Feestyte volgens Levitikus 23 te gedenk, terwyl hy met ywer 'n afgodsfees soos kersfees gedenk? Dit is nie YHVH se Gees van Waarheid wat so 'n persoon leer en lei nie!
- Hoe kan iemand aanspraak maak dat hy deur die Afgesonderde Gees van YHVH gelei word indien hy die Woorde van Torah, naamlik YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies, verwerp? Anders gestel: Hoe kan iemand aanspraak maak dat hy deur die Afgesonderde Gees van YHVH gelei word indien hy reeds besluit het om nie aan YHVH se Torah gehoorsaam te wees nie?

Onthou: Die taak van die Afgesonderde Gees is eerstens om elkeen tot wedergeboorte te lei, en tweedens om YHVH se Torah op die tafels van elkeen se hart te skrywe en om elkeen te leer en te lei om Torah-gehoorsaam te wees! Talle is ontvanklik vir wedergeboorte, maar geestelik doof vir die stem van die Afgesonderde Gees wat hulle tot Torah-gehoorsaamheid wil lei! Onthou Yeshua se woorde: *My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My* (Joh. 10:27).

Daarom: Iemand wat glo dat hy vry van YHVH se wet is, is nie met die Afgesonderde Gees gevul (gedoop) nie, want ons het Skriftuurlike bewys gelewer dat die Afgesonderde Gees en YHVH se Torah as eenheid funksioneer soos wat YHVH, Yeshua en die Afgesonderde Gees Een is, en dat dit die Afgesonderde Gees is wat YHVH se Woorde van Torah op ons harte skryf en dit in ons verstand gee!

Die Leuen

Iemand wat glo dat hy vry van YHVH se Torah is, leef 'n leuen, want YHVH se Torah is die waarheid:

Die vrees van YHVH is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge (Torah) van YHVH is waarheid—tesame is hulle regverdig. Ps. 19:10

U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, en u wet (Torah) is waarheid. Ps. 119:142

U, o יהוה, is naby en al U opdragte (Torah) is waarheid – Ps. 119:151 – PWL.

Hiermee saam lees ons in Joh. 16:13, asook in 1 Joh. 5:7 dat die Afgesonderde Gees is die waarheid:

maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het....

...en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid. 1 Joh. 5:7

Hiervolgens is dit duidelik dat die waarheid is YHVH se Torah en dat die Afgesonderde Gees die Gees van Waarheid, naamlik van Torah, is. Hierdie waarheid, naamlik Torah sal jou en my vrymaak.

En Yeshua sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord (Torah) bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid (Torah) ken, en die waarheid (Torah) sal julle vrymaak. Joh. 8:31 en 32

Luister ook na die woorde van Jakobus:

maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet (Torah) van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die dade, sal geseënd wees in wat hy doen. Jak. 1:25

Torah is die waarheid en Torah maak vir jou en my vry! Die Afgesonderde Gees is die Gees van Waarheid wat ons as vrygekoop deur die kosbare bloed van Yeshua leer en lei om vry onder die wet (sonder 'n sonde skuld) in gehoorsaamheid aan YHVH se Torah te wil en te kan lewe.

Yeshua het gebid en die Vader gevra:

Heilig hulle (sonder hulle af) in u waarheid; u woord (Torah) is die waarheid. Joh.17:17.

Elkeen wat aanspraak maak om met die Afgesonderde Gees gevul te wees moet lewe soos Yeshua geleef het.

hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:6 – PWL.

Yeshua was in alle opsigte Torah-gehoorsaam. Sou Hy een gebod van Torah oortree het, sou Hy nie die Messias kon gewees wat vir ons sondes (oortreding van Torah) gesterf het nie! Op *Shavuot* (Pinksterdag) is die Afgesonderde Gees uitgestort om ons te leer en te lei en die krag te wees om Torah-gehoorsaam te wil en te kan lewe!! Om gelykvormig aan Yeshua te word (Rom. 8:29) is om deur die Afgesonderde Gees geleer en gelei te word om aan YHVH se Torah gehoorsaam te wees.

Wat van 1 Joh. 4:1 tot 3?

Johannes vermaan ons om nie elke gees te glo nie, maar om die geeste op die proef te stel of hulle uit God is. Dan gee hy vir ons die duimreël hoe om te onderskei:

Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde, waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is. 1 Joh. 4:2 en 3 – PWL.

Talle sal in die lig hiervan redeneer dat elkeen wat erken (bely) dat Yeshua Die Gesalfde Een is, is met die gees van YHVH gevul. **MAAR WAG!!** Wat beteken dit om te erken (te bely) dat Yeshua die Gesalfde Een (die Messias) is? Dit is om te bely en te vertrou dat Yeshua die lewende Torah is wat gekom het om YHVH se Torah te bevestig (te bekragtig en nuut te maak) en **nie om dit te ontbind (tot niet te maak) nie** (Matt. 5:17). Die persoon wat dus bely dat Yeshua (Jesus) die Messias is, maar homself as vry van YHVH se wet (Torah) beskou, het nie die Gees van die Messias nie, maar die gees van die vals gesalfde!

Ten Slotte

Indien iemand verklaar dat hy vry van die wet (Torah) is, verklaar hy inderwaarheid dat hy vry is van die onderrig van die Afgesonderde Gees en dan is die waarheid van Torah (Die Afgesonderde Gees) nie in hom nie en glo en leef hy 'n leuen, want YHVH se Torah is nie deur die Afgesonderde Gees op die tafels van sy hart geskryf nie. So 'n persoon word geleer

en gelei deur 'n gees van Torahloosheid, naamlik die gees van die Antimessias, wat wel die skyn van die Afgesonderde Gees het en wat baie sal mislei om te glo dat dit wat hulle hoor, sien en ervaar die waarheid is!

Met watter gees is jy gevul? Met watter gees is jy gedoop? Is dit met die Gees van die Woord van Torah wat die Waarheid is, of met die gees wat YHVH se Torah teenstaan en verwerp? Is dit met die Gees van YHVH of met die gees van die Antimessias.

Always remember that Satan likes a counterfeit that looks as close to the original as possible!

Moenie mislei word deur mense wat sê dat hulle met die Afgesonderde Gees gevul is, maar hulle verwerp YHVH se Torah!! Sulke mense meng die waarheid en die leuen en kan daarom die skyn van die werking van die Afgesonderde Gees openbaar, maar dit is 'n vreemde gees wat die ware Gees van YHVH Yeshua probeer naboots!

Nota:

Klik op hierdie skakel vir 'n dokumentêr oor vals geeste wat mense mislei om te glo dat dit die Afgesonderde Gees is: http://www.youtube.com/watch?v=E_i-BqI0j2E

Hierdie skakel (<http://www.youtube.com/watch?v=X2V7KbbfRHA>) is een van vele voorbeelde van hoe geestelike leiers ook mislei is en talle ander mislei deur vals geeste, maar wat geglo word as die manifestasie van die Afgesonderde Gees.

Talle meer voorbeelde by <http://www.bible.ca/tongues-audio-video-documentation.htm#copeland>

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgoete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.